| | |
|---|---|
| **Hoërskool Brandwag** | GRAAD 11 |
| VERBRUIKERSTUDIES | DATUM: 1 September 2022 |
| TOTAAL: 75 | TYD: 1 UUR |
| EKSAMINATOR: E. Human | MODERATOR: L. Strydom |

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Die vraestel bestaan uit Drie vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE |
|---|---|---|
| 1 | Kortvrae | 20 |
| 2 | Die Verbruikers | 30 |
| 3 | Behuising en interior | 25 |
| | **TOTAL:** | **75** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Trek 'n lyn na elke vraag.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

**Die vraestel bestaan uit 5 bladsye**

**VRAAG 1 KORTVRAE**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.11) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.6 D.

1.1.1 Die tipe vloerplan waar die groot areas in mekaar invloei, word 'n ...plan genoem.

A geslote
B oop
C enkelverdieping
D vertikale (1)

1.1.2 Ergonomies ontwerpte meubels ...

A word gemaak van 'n kombinasie van plastiek en metaal.
B sluit slegs standaardafmetings in.
C is gemaklik maar duur.
D is op die regte hoogte vir die persoon wat dit gebruik. (1)

1.1.3 Die koper ontvang die meubels eers wanneer die volle koopprys betaal is.

A Bêrekoop
B Winkelrekening
C Kredietkaart
D Debietkaart

(1)

1.1.4 Die ... toets die kwaliteit van meubels vir die vervaardigers.

A Die Verbruikerstribunaal
B Die Verbruikersforum
C Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
D Nasionale Kwalifikasie-owerheid (1)

1.1.5 Die ... pas die Nasionale Kredietwet toe.

A Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
B Nasionale Kredietreguleerder
C Nasionale Kredietowerheid
D Nasionale Kredietburo (1)

1.1.6 Die ... hanteer alle kliënteklagtes wat nie te doen het nie met kredietkaarte, winkelrekeninge of die finansiering vir die koop van 'n huis of motorvoertuig.

A Nasionale Verbruikerskommissie
B Nasionale Verbruikersbeskerming
C Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersforum
D Provinsiale Kantoor vir Verbruikersakebeskerming (1)

1.1.7 ... is kwessies wat onder die Nasionale Kredietwet gedek word.

A Diefstal van geld by 'n OTM-masjien
B Kredietkaarte, debietkaarte, tjekkaarte
C Elektriese toestelle wat by 'n afslagwinkel gekoop is
D Hoë rentekoerse wat deur mikroleners gehef word (1)

1.1.8 Die kombuis word geklassifiseer as 'n:

A. Werk area
B. Sosiale area
C. Rus area
D. Multi-doel area (1)

1.1.9 Verkeerspatrone is ...

A spasies toegeken aan elke sone op die vloerplan.
B. aktiwiteite wat in elke sone van die vloerplan plaasvind.
C. areas wat genoeg spasie op die vloerplan voorsien.
D. natuurlike roetes wat mense gebruik wanneer hulle in 'n vertrek gaan of die vertrek verlaat. (1)

1.1.10 Die ... versamel inligting oor mense wat nie hul skuld betaal nie.

A Kredietburo
B Verbruikersforum
C Nasionale Kredietreguleerder
D Verbruikerstribunaal (1)

1.1.11 Die Wet op Verbruikersbeskerming spesifiseer die volgende regte vir verbruikers:

A Reg op kwaliteitprodukte teen redelike pryse.
B Reg op krediet en om hul name van swartlyste te laat verwyder.
C Die reg op gelykheid en bekendmaking van inligting betreffende kontrakte.
D Reg tot onderhandeling en afslag vir kontant. (1)

[11]

| 1.2 | Kies die ______in KOLOM B wat by die ________ in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 G. | | |
|---|---|---|---|
| | Kolom A | | Kolom B |
| 1.2.1 | Debiet kaart | A | Die koopbedrag word by die totale saldo gevoeg en die minimum bedrag is aan die einde van elke maand aan die bank betaalbaar |
| 1.2.2 | Krediet kaart | B | Enige persoon kan hierdie tipe rekening oopmaak. Dit bevat 'n kaart wat gebruik kan word om geld by 'n OTM te trek. Dit is ook 'n veilige, korttermynbelegging. |
| 1.2.3 | Spaarrekening | C | Hierdie tipe rekening kan gebruik word om geld vir 'n spesifieke tydperk te bespaar. |
| 1.2.4 | Tjekrekening | D | Die aankoopbedrag word onmiddellik van die rekening afgetrek. |
| 1.2.5 | Vaste deposito rekening | E | Slegs een persoon met 'n minimum maandelikse inkomste van R 1500 mag hierdie tipe rekening oopmaak sonder om rente te verdien |
| | | F | Betalings kan via die internet gedoen word |

[5]

1.3. Die Nasionale Kredietwet het veroorsaak dat kredietverskaffers meer verantwoordelikheid neem vir hul aksies. Uit die lys hieronder, identifiseer VIER doelwitte van hierdie Wet. Skryf slegs die korrekte letter (A–H) langs die vraagnommer in die ANTWOORDEBOEK neer.

A. Verseker dat verbruikers presies weet wat in hulle krediet-kontrakte ingesluit is.

B. Gee advies aan die regering oor beleid en wetgewing oor krediet.

C. Beskerm verbruikers van onregverdige besigheidspraktyke waar krediet betrokke is.

D. Bevorder die sosiale en finansiële belange van Suid-Afrikaanse verbruikers.

E. Ondersoek klagtes van kredietverskaffers, kredietburo's en verbruikers.

F. Verseker dat die regte van die verbruikers beskerm word.

G. Bevorder regverdige maar mededingende kredietmark.

H. Neem aksie teen mense/besighede wat nie reëls en regulasies van NKW volg nie.

[4]

**TOTAAL VRAAG 1 : 20**

**VRAAG 3: DIE VERBRUIKER**

3.1 Lys TWEE voordele van die gebruik van kontant wanneer produkte gekoop word. (2)

3.2 Vergelyk koop deur KBA en KMB. (2)

3.3 Verduidelik die verskil tussen 'n daggeld rekening en 'n lopende rekening (4)

3.4 Verduidelik die verskil tussen huurkoop-ooreenkoms en bêrekoop-ooreenkoms. (4)

3.5 Noem die vier basiese verskille tussen krediet- en kontanttransaksies. (4)

3.6 Wat is die hoofdoel van die Nasionale Kredietwet? (2)

3.7 Noem VIER verbruikersregte met betrekking tot krediettransksies (4)

3.8 Die NKW meld dat watter VIER kredietooreenkomste onwettig is? (4)

3.9 Wat is die hoofdoel van die Wet op Verbruikersbeskerming. (2)

3.10 Wat is die hoofdoel van die SABS (2)

**Totaal vraag 2 : 30**

**VRAAG 3: BEHUISING EN INTERIEURS**

3.1 Verduidelik die volgende drie basiese sones in die huis.

3.1.1 Die rus area (2)

3.1.2 Die sosiale area (2)

3.1.3 Die werk area (2)

3.2. Noem vier belangrike kwessies om in gedagte te hou wanneer jy die ruimtes in 'n woning evalueer. (4)

3.3 Onderskei tussen die drie funksie van kunsmatige beligting. (6)

3.4 Verduidelik die verskil tussen gegote yster en smeeyster. (4)

3.5 Verduidelik die faktore wat jy in ag moet neem, om seker te maak die meubels wat jy aankoop is geskik vir jou behoeftes. (5)

**Totaal vraag 3 : 25**
**GROOT TOTAAL: 75**